Voorsittersrede

CH WIESE
VOORSITTER

In 'n tyd van groot ekonomiese ontbering vir die land en sy mense het Shoprite Holdings desondanks daarin geslaag om uitstekende resultate te behaal. Ek glo daar is verskeie redes vir hierdie prestasie, maar geen wat na my mening meer deurslaggewend was as die feit dat die Groep perfek geposisioneer was om voordeel uit die afswaai in die mark te haal nie. Toeval het hierin geen rol gespeel nie. Dit was reeds sedert die vroeë negentigerjare duidelik dat die verwagte verandering in die politieke bedeling in die land 'n verreikende invloed sou hê op die laer middelklas waarvan die koopkrag met verloop van tyd 'n sleutelrol in die voedselkleinhandel sou speel.

Ons het gevolglik die Shoprite-konsep verfyn om vir die aspirasies van hierdie groeiende inkomstegroep voorsiening te maak sonder om in die proses die oorspronklike posisionering van die ketting te verander of om sy fokus op stapelvoedsels en waarde vir geld te verloor. Checkers is herverpak om aan die verwagtinge van die hoërmiddelklas te voldoen sonder om sy tradisionele prysposisionering prys te gee terwyl die onopgesmukte Usave-formaat met sy beperkte produkreeks en oorheersende klem op waarde bekend gestel is. Op die wyse het die Groep drie duidelik omlynde kettings geskep wat elkeen 'n presies geteikende mark bedien.

Soos die uitwerking van die wêreldwye finansiële krisis op Suid-Afrika in felheid toegeneem het, het veral hoërinkomsteverbruikers na beter waarde vir hul geld begin soek terwyl die regering maatskaplike toelaes aan behoeftiges uitgebrei het. Die Groep het die meeste voordeel uit hierdie verwikkelings getrek soos die toename in klantetransaksies en die styging in omset bevestig. Aan die einde van ons oorsigtyd was Checkers die voedselketting in Suid-Afrika wat die hoogste groei in die voorafgaande 12 maande getoon het.

Daar is nog geen duidelikheid oor wanneer die ekonomie sal begin herstel nie. Selfs al sou dit binnekort gebeur is die skade wat deur die ekonomiese instorting aan veral ons vervaardigings- en mynbousektore aangerig is, asook aan die spaargeld en bates van individue, diepgaande. Weens die omvang van die resessie sal dit lank duur voor ons terug is waar ons was voor die afswaai begin het – vir die arbeidsmark om ten volle te herstel, vir eiendomspryse om terug te keer tot die vlakke van 'n jaar of twee gelede en vir mense om weer hul neseiers op te bou.

Ons kan daarom daarop reken dat spaarsaamheid vir 'n geruime tyd 'n kenmerk van verbruikersgedrag sal bly. Selfs wanneer die ekonomie weer op 'n herstelpad is, glo ek verbruikers sal steeds op die beste waarde vir hul rand aandring soos hulle probeer om binne hul vermoëns te leef en van hul skuld ontslae te raak wat opgebou is in 'n tyd toe krediet so vrylik beskikbaar was. Ons glo dat in so 'n klimaat, terwyl ons hou by die beginsels wat tot nou vir ons sukses verseker het, die Groep se drie supermarkkettings steeds goed sal vaar.

'n Toenemende rede tot kommer is egter die sekerheid van voedselvoorrade in 'n Suid-Afrika wat tans nie genoeg voedsel vir sy eie groeiende bevolking produseer nie. Voedselproduksie is inderdaad besig om af te neem met boere wat in ontstellende getalle die bedryf verlaat – sedert 1994 het die getal boere van 53 000 tot minder as 39 000 in 2008 afgeneem. Baie plase wat voorheen produktief was, is dit nie meer nie. Anders as in ontwikkelde en die meeste ontwikkelende lande bestaan daar geen staatsubsidies nie vir die formele landbousektor wat verantwoordelik is vir feitlik alle voedselproduksie in die land. Rooi ligte behoort te flits soos Suid-Afrika toenemend van invoere afhanklik raak om sy bevolking te voed. Terselfdertyd verskerp mededinging om voorrade wat op wêreldmarkte beskikbaar is, namate voedsel-

produserende lande uitvoere verminder om te verseker dat hul eie mense genoeg kos het.

Ondersoek deur die Mededingingskommissie

Aan die einde van die oorsigtyd het die Mededingingskommissie bekend gemaak dat hy met 'n ondersoek begin het na die land se groot voedselkleinhandelkettings en groothandelaars vir moontlike oortredings van die Mededingingswet van 1998, wat as doel het om vir verbruikers, onder meer, voldoende produkkeuses en mededingende pryse te verseker. Ek herhaal wat ons reeds in die openbaar gesê het, naamlik dat Shoprite Holdings, as een van die grootste deelnemers aan die Suid-Afrikaanse kleinhandelsektor, so 'n ondersoek verwelkom. As direksie glo ons so 'n ondersoek sal vir die breë publiek 'n beter begrip help vorm van wat dit verg dat verbruikers op winkelrakke dié produkte waarna hulle op soek is, kan vind teen redelike pryse.

Ek het nog altyd geglo dat wat sofistikasie betref, die Suid-Afrikaanse kleinhandelbedryf, in besonder die voedselbedryf, nie hoef terug te staan vir die beste ter wêreld nie, terwyl dit terselfdertyd baie mededingend bly.

Die direksie

Gedurende die jaar het menere Jimmy Fouché en André van Zyl uit die direksie getree. Mnr Fouché, 'n onafhanklike, nie-uitvoerende direkteur, was een van ons mees senior kollegas; mnr Van Zyl was die maatskappysekretaris asook 'n uitvoerende direkteur. Met albei het ek die voorreg van 'n professionele verwantskap gehad wat oor dekades strek. Hulle was twee staatmakers van die maatskappy en vertroude kollegas wat oor die jare 'n indrukwekkende bydrae tot die beraadslagings van die direksie gemaak het. Dit was met groot jammerte dat ek van hul afsonderlike besluite om uit diens te tree, kennis geneem het. Om ons dank teenoor hulle uit te spreek, kan skaars reg laat geskied aan wat hulle so vrylik en kundig tot ons besprekings bygedra het.

30 Jaar

Die Groep vier vanjaar sy dertigste bestaansjaar. Sodanige vierings is slegs betekenisvol as 'n mens die geleentheid gebruik om terug te kyk na wat jy reg gedoen het en waar jy gebou het op dit wat jou sukses gebring het. Wanneer ek dit doen en terugkyk na daardie gebeurtenisvolle jaar van 1979, is daar een figuur wat uittroon, en dit is dié van mnr Whitey Basson, wat van die eerste dag tot nou ononderbroke aan die hoof van die besigheid gestaan het.

Ek was sy voorsitter vir 29 van daardie 30 jaar en ek wil hom vandag bedank vir die voorreg dat ek kon deel wees van soveel opwindende wedervaringe. Optredes wat vir sommige kon gelyk het na halsoorkop besluitneming was, sonder uitsondering, die gevolg van versigtig beplande strategieë tot die mate waarin dit moontlik is in die altyd veranderende wêreld van die kleinhandel.

Die mylpale wat ons bereik het, was feitlik sonder uitsondering aan hom toe te skryf – die besluit om in Afrika uit te brei, indertyd teen heelwat verbete teenstand; die bekendstelling van die eenstop-winkelkonsep met die maksimum-getal dienste onder een dak; die neem van beheer van ons eie verspreiding en die skep van die infrastruktuur om dit moontlik te maak. En, om te keer dat die Groep in 'n groef beland, die skepping van 'n spesiale eenheid met as enigste opdrag om nuut te dink, om met konsepte na vore te kom en dan hul lewensvatbaarheid in die mark te toets. Hieruit het onder meer die steeds groeiende Money Market-konsep voortgevloei soos ook die beperkte-voorraad-konsep waaruit Usave sou ontwikkel. Natuurlik het hy dit nie alles op sy eie reg gekry nie. Deur al die jare het hy die steun geniet van die direksie en die bystand van die sterk, vindingryke span wat hy byeengebring het, maar die leiding het van hom gekom.

Van 'n meer persoonlike aard:

Mnr Basson en ek is vriende sedert ons studentedae op Stellenbosch. Dáár is 'n band gesmee wat dit vir ons moontlik maak om in 'n gees van totale wedersydse vertroue en onderskraging saam te werk. Daardeur is 'n besigheid tot stand gebring wat vir ons almal 'n bron van trots en inspirasie is. Met die jare het hy gegroei tot 'n ikoon van die Suid-Afrikaanse voedselkleinhandel – skeppende denker, meedoënlose najaar van ideale, deernisvolle kollega, uitsonderlike vriend.

Erkenning

Ons het daarin geslaag om, danksy 'n spanpoging wat almal betrek het, onder uiters moeilike omstandighede die uitdagings in die mark suksesvol die hoof te bied en reële groei in ons besigheid te bewerkstellig. Hiertoe het almal bygedra, van die lede van die direksie tot die lede van die winkelpersoneel wat die betaalpunte beman. Ons bedryf 'n komplekse en multivlak besigheid. Om so 'n vlak van samewerking oor so 'n wye spektrum te bereik, is 'n enorme kompliment vir die Groep se leierskap. Namens my mededirekteure wil ek my diepste waardering vir hierdie grootse poging uitspreek.

CH Wiese
Voorsitter

28 Augustus 2009